uit die perd se bek

'Horse whispering' is die nuwe gonswoord in spanbou en huweliksverryking. Het jy al gaan luister wat die perde fluister? Jy sal verras wees om te sien hoe dié intuïtiewe diere jou emosies en manier van doen weerspieël, skryf Mariette Snyman. Foto deur Robert A. Hamblin

Daar's iets omtrent die buitekant van 'n perd wat goed is vir die binnekant van 'n man," het die staatsman Winston Churchill gesê. En dit geld nie net "gewone" ruiters nie. Sedert perdryterapie in 1943 in Denemarke afgeskop het, het dit so sterk veld gewen dat mense met fisieke gestremdhede, of met leer- en emosionele probleme vandag daarby baat vind.

Maar nou het dié perd(eterapie) 'n ander kleur gekry. Perde help deesdae met korporatiewe spanbou en leierskapsontwikkeling, asook met die verbetering van persoonlike verhoudings. Perdgesteunde leer of "*equine assisted learning*" het van Amerika hierheen oorgewaai. Anders as perdeterapie, is dit meestal 'n korttermynprojek. Deelnemers hoef geen vorige ervaring van perde te hê nie en beland ook nie in die saal nie. Tog lei hul interaksie met dié intelligente wesens tot verstommende insig in ander en hulself.

"Perde is besonder intuïtief. Hulle weerspieël ons emosies en gee eerlike terugvoer oor ons optrede," sê Carlette McLaren, kliniese sielkundige en mede-eienaar van Horse Sense Relational Consulting. "Sit 'n paar mense saam met uitgesoekte perde in 'n kampie, gee hulle sekere opdragte, en die leerproses begin. Perde is verhoudingswesens, nes ons. Elkeen het 'n eie persoonlikheid en is deel van 'n sosiale struktuur. Daarom maak interaksie met hulle ons opnuut bewus van ons benadering tot 'n situasie, ons gebruiklike manier van doen, persoonlike grense, nieverbale kommunikasievermoë, gebruik van mag, hantering van aggressie, vertroue, en baie meer. Mense is gewoonlik ontvankliker vir terugvoer wat van 'n perd kom, omdat hulle weet daar is geen verskuilde agenda nie. En boonop is dit pret!"

Deur perde betower

Carlette het 'n meestersgraad in gesondheidsielkunde, en Natalie honneursgrade in kliniese en bedryfsielkunde. Maar hulle is eerstens op die praktyk gerig: "doenmense", soos Natalie dit stel.

Carlette werk al twintig jaar lank met perde en het ook 'n ryskool. Sy is 'n ervare aanbieder van terapeutiese rylesse vir kinders met Down se sindroom, serebrale gestremdheid, outisme, aandagtekort/hiperaktiwiteitsindroom en so meer.

Natalie het as jong volwassene begin perdry en haar eie perd aangeskaf. "Dit word 'n leefwyse. Jy werk eintlik om jou perd te kan aanhou! Ek het eenkeer vier dae menslikheidsverlof nodig gehad toe my perd dood is."

Die lesse wat sy by perde geleer het, het in haar werk as menslike hulpbronbestuurder tot uiting gekom. "Ek het begin brand om dit met kollegas te deel en so van die korporatiewe wêreld 'n beter plek te maak. Toe my egskeiding en daaropvolgende verhouding dié lesse verder weerspieël, is Horse Sense Relational Consulting gebore. Carlette was die aangewese sakevennoot, en saam het ons die konsep verfyn."

Hoe dit werk

Carlette en haar Horse Sense-vennoot, kliniese en bedryfsielkundige Natalie Wessels, bied hul half- en voldagwerkwinkels by die vyfster-Kloofzicht Lodge naby Muldersdrift aan. Hul huweliksverrykingwerkwinkels - 'n uitstekende trougeskenk vir verloofdes - is so suksesvol dat hulle nou ook een vir gesinne aanbied. Dan is daar die persoonlike groei- of Girl Power-kursus vir vroue, en die spanbou- en leierskapontwikkelingwerkwinkels vir korporatiewe kliënte. Ek het 'n halfdag-spanbouwerkwinkel bygewoon, hoewel nie as deel van 'n korporatiewe span soos dit gewoonlik die geval is nie.

Carlette se agt perde vorm 'n natuurlike trop wat in die oop veld slaap en tussen sebras en blesbokke wei. "Die meeste van hulle moes aansienlike struikelblokke oorkom. Party het onder wreedhede deurgeloop. Hulle ken geen toertjies nie, en reageer instinktief in die oomblik. Dit maak hulle geskik vir dié soort interaksie."

HARE EN GRIMERING IAN SWANN; PRODUKSIE EN STILERING SUZANNE VENTER; FOTO GENEEM BY KLOOFZICHT LODGE